

HOOFSTUK 1

INLEIDING, DOEL EN STRUKTUUR VAN HIERDIE STUDIE NA 'N FINANSIËLE STRATEGIE VIR CHRISTELIKE AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE IN NAMIBIË

1.1 INLEIDING

In Namibië en elders in Suid-Afrika, word daar dikwels vrae geopper rondom die bekostigbaarheid van privaatskole al dan nie. Hierdie is 'n aangeleentheid wat nie sommer met die eerste oogopslag verantwoord kan word nie. Dit is nodig dat 'n deeglike ondersoek gedoen word oor kostes van privaatskole. Dit beteken ook dat appels met appels vergelyk sal moet word.

Ter aanvang van hierdie studie is daar dan ook 'n paar onderhoude gevoer (Vir volle besonderhede sien afdeling B van die bibliografie.) ten einde meer lig op die saak te probeer werp. So byvoorbeeld het Joubert (onderhoud, 20 Sept 2001) genoem dat personeel van Privaatskool Elnatan tydens bemerkingsaksies dikwels aan ouers vra of hulle dit selfs net oorweeg om hul kinders na 'n privaatskool te stuur. Hierop is die antwoord dikwels kort en saaklik: "Dis te duur vir my." of "Ek het nie geld nie."

Van Wyk (onderhoud, 3 Maart 2000) laat hom soos volg uit oor die aangeleentheid van bekostigbaarheid van private onderwys: "Vir my bly staatsonderwys steeds die goedkoopste opsie en vir solank as wat ek my daarmee kan vereenselwig, sal my kinders in 'n staatskool onderrig ontvang."

Daarmee kan die meeste ouers sekerlik saamstem, maar nie almal is in staat om hulle kinders na 'n goeie staatskool in Namibië of selfs Suid-Afrika te stuur nie. Hierdie betrokke ouer se kinders gaan in 'n voormalige Model C-skool in Suid-Afrika skool. Gedurende die laaste aantal jare voor die demokratisering van Suid-Afrika, was skole wat self vir die instandhouding en uitbreiding van infrastruktuur verantwoordelik was, terwyl die staat die beheer oor personeel finansiering behou

het, bekend as Model C-skole. In 'n sekere sin dus semi-staat skole. Indien hierdie ouer sy berekeninge ten opsigte van veral sy reis- en verblyfkostes mooi maak, is sy opsie ook nie meer so goedkoop nie!

1.2 ENKELE PROBLEME BETREFFENDE FINANSIERING IN CHRISTELIKE AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE IN NAMIBIË

Ondanks veralgemenings in verwysings na privaatskole as 'n duur opsie, blyk die finansies van privaatskole 'n netelige probleem te wees. Enkele voorbeelde:

- Kotze en Liebenberg (onderhoude, 10 Febr 2000) wys op verskeie gevalle van projekte soos die uitverf van klaskamers, die aanbring van ingeboude kaste in klaskamers, die oprig van afdakke en die aanlê en instandhouding van tuine wat uit hulle eie sakke gefinansier is.
- Kotze (onderhoud, 10 Febr 2000) verwys verder na verskeie geleenthede waar die onderwysers van Privaatskool Elnatan nie hulle salaris betyds ontvang het nie, aangesien daar nie fondse was nie.
- As koshuisvader van die seunskoshuis by Privaatskool Elnatan gedurende Januarie 2000 tot Desember 2002 het die navorser self dikwels ondervind dat noodsaaklike herstelwerk in die koshuise van Privaatskool Elnatan agterweë bly aangesien daar nie fondse is nie.
- Die navorser het gedurende sy verbondenheid aan Privaatskool Elnatan van Januarie 2000 tot Desember 2002 ondervind dat verbeterings nie by Privaatskool Elnatan aangebring word nie of dat projekte maande neem om af te handel, aangesien daar nie fondse beskikbaar is nie.
- Personeel wat oor naweke koshuisdiens doen, word nie vir hierdie addisionele werk vergoed nie moes die navorser self ondervind.
- Mev van Wyk moes as primêre skool personeellid van Privaatskool Elnatan self boekpryse vir prysuitdelings bekom en daar is selfs van haar verwag om ook die papier vir die rapporte van kinders in haar klas betaal.
- Uit onderhoude wat met skoolhoofde Vermeulen (onderhoud, 10 Feb 2000) en Esbach (onderhoud, 20 April 2003) gevoer is, blyk dat direksielede en goedgunstige ouers van Privaatskool Elnatan en Windhoek Afrikaanse

Privaatskool al in die verlede groot bedrae uit hulle eie sakke betaal het om te verseker dat die skole noodsaaklike uitgawes kan aangaan en die bankbestuurders sodoende tevrede te hou.

- Fasiliteite soos laboratoriumapparaat en chemikalieë, sportfasiliteite, onderrighulpmiddels soos oorhoofse projektors bly by verskeie Christelike Afrikaanse privaatskole in Namibië onvoldoende soos blyk uit gesprekke tydens die Vakgroepvergadering vir Natuur en Skeikunde op Vrydag, 14 Maart 2003.

1.3 DIE BEKOSTIGBAARHEID VAN CHRISTELIKE AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE IN NAMIBIË

Uit verskeie gesprekke met die skoolhoofde van Privaatskool Elnatan (Donderdag, 10 Februarie 2000, asook Woensdag, 7 Augustus 2002), Windhoek Afrikaanse Privaatskool (Maandag, 29 Julie 2002) en Tsumeb Gimnasium (Woensdag, 31 Julie 2002) is dit duidelik dat Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië geen subsidies van die staat ontvang nie. Elke skool is self verantwoordelik vir die generering van fondse. Skoolfonds is die hoofbron van inkomste vir hierdie skole, maar verskeie ander aksies word geloods om die begroting te laat klop. Hierdie aksies sluit in: jagpakkette, vetveeveilings, skoolkermisse, boerdery, skenkings en borge.

Ouers verbonde aan privaatskole, maar ook ouers wat nie aan privaatskole verbonde is nie, het al by verskeie geleenthede in gesprekke met die navorsers algemene uitsprake gemaak dat hulle nie kan verstaan waarom hierdie of daardie privaatskool sukkel om sy finansies te laat klop nie. Hierdie ouers veralgemeen verder deur aan te neem dat daar Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië is wat nie wesentlik probleme ten opsigte van finansiering ondervind nie.

Indien daar wel waarheid in hierdie veralgemenings van die betrokke ouers steek, kan die volgende moontlike redes wees:

- Uit terugvoering op die vraelyste aan die Privaatskole noem die skoolhoofde dat skole soos Tsumeb Gimnasium en Windhoek Afrikaanse Privaatskool fasiliteite

goedkoop kon bekom of kon huur, terwyl ander soos Privaatskool Elnatan uit niks uit begin het.

- 'n Skool soos Windhoek Afrikaanse Privaatskool beskik tans glad nie oor koshuise nie en het die skool, volgens die skoolhoof (tydens 'n onderhoud op Maandag, 29 Julie 2002), vir 'n kort rukkie in die skool se bestaan net enkele leerlinge gehad wat in 'n koshuis tuisgegaan het, terwyl terugvoering op die vraelyste aantoon dat ander skole soos Privaatskool Elnatan en Privaatskool Excelsior feitlik geen dagskoliere het nie.
- Skole soos Privaatskool Elnatan en Privaatskool Excelsior is afgeleë, op die platteland en 'ver-van-alles', terwyl skole soos Tsumeb Gimnasium, Keetmanshoop Privaatskool en Windhoek Afrikaanse Privaatskool in groter sentra geleë is, onderskeidelik in Tsumeb, Keetmanshoop en in Windhoek.

Aan die een kant word privaatonderwys dus as 'n duur opsie beskou, maar aan die ander kant weer ondervind privaatonderwys chronies 'n tekort aan fondse. Verskeie vrae ontstaan nou:

- Is privaatonderwys werklik 'n duur opsie?
- Is daar dalk bronne wat nog nie benut word nie?
- Word die fondse oordeelkundig aangewend?
- Word die beskikbare fondse optimaal benut?
- Wat doen privaat-skole wat na bewering nie finansieël suksel nie, anders as ander privaat-skole?
- Hoe word privaat-skole se finansies bestuur?
- Ondervind privaat-skole in ander wêreldlande dieselfde probleem ten opsigte van finansiering?

1.4 CHRISTELIKE AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE AS 'N DEEL VAN DIE BREË NAMIBIESE ONDERWYS

Bykans al die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië het eers na onafhanklikheid (1990) tot stand gekom. Enkele van die redes hiervoor is die strewe om:

- vryheid van assosiasie
- behoud van taal, kultuur en tradisie
- moedertaalonderrig
- behoud van Christelike opvoeding

Die ouers en onderwysers wat die totstandkoming van hierdie skole bewerkstellig het, het dit gedoen uit die oortuiging dat staatsonderwys nie in hulle behoeftes as 'n minderheidsgroep voorsien nie. 'n Verdere vertakking van onderwysvoorsiening in Namibië is sodoende gevorm.

Onderwysvoorsiening in Namibië bestaan uit onderwys wat deur die staat voorsien word en privaatonderwys. Die privaatonderwys vorm 'n klein onderafdeling van die totale onderwysvoorsiening in die land. Benewens die Christelike Afrikaanse Privaatskole, bestaan verskeie ander privaat- en semi-privaat-skole soos Witkrans Primary School en die St Joseph Secondary School reeds van voor onafhanklikheid in Namibië, hoofsaaklik skole wat deur die Rooms Katolieke Kerk tot stand gebring is. Enkele ander privaat-skole met Duits as medium van onderrig, soos die Private School Swakopmund op Swakopmund, het ook sedert onafhanklikheid ontstaan. Tuisonderrig is ook 'n opsie wat deur ouers in Namibië ondersoek word.

Volgens die Jaarverslag geëindig Desember 2001 van die Ministry of Basic Education and Culture in Namibië:

Aantal leerlinge (staat en privaat) in Namibië	=	528 958
Aantal leerlinge in privaat-skole in Namibië	=	20 751
Aantal leerlinge in Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië	=	1 037

(Die aantal leerlinge in Christelike Afrikaanse Privaatskole is nie in die verslag verskaf nie, maar is verkry vanuit die terugvoering op die vraelys wat vir die doeleindes van hierdie studie na die verskillende privaat-skole uitgestuur was.)

Daar is elf Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië, naamlik Privaatskool Elnatan, Privaatskool Excelsior, Gobabis Privaatskool, Hentiesbaai Privaatskool, Keetmanshoop Privaatskool, Privaatskool Maurits Devenish, Privaatskool Moria, Omaruru Privaatskool, Pro-ed Akademie, Tsumeb Gimnasium, en Windhoek

Afrikaanse Privaatskool. Dit sou binne die beperkte omvang van hierdie studie nie moontlik wees om in diepte met almal te skakel nie.

1.5 RASIONAAL EN BELANG VAN DIE NAVORSING

Ten spyte daarvan dat privaatonderwys 'n klein persentasie, sowat 0,2%, van die totale aantal leerlinge in Namibië betrek, vorm dit 'n belangrike deel van die voorsiening van onderwys in die land, aangesien dit in die demokratiese reg van 'n komponent van die ouergemeenskap voldoen soos vervat in verskeie artikels van die Konstitusie van Namibië (The Constitution of the Republic of Namibia December 1991:13). Dit sal dus tot voordeel van die land en onderwys in die land wees indien die onderrig in privaatskole op 'n gesonde basis kan funksioneer.

Aangesien fondse nodig is vir die voorsiening van handboeke, die betaling van huurgeld of afbetaling van leningsbedrae, die betaling van salarisse en die algemene instandhouding van onderriginstansies, is dit vanselfsprekend dat onderrig in privaatskole daaronder sal ly indien die bestuur van die finansies van die skole gebrekkig is. Hierdie navorsing is dan ook belangrik aangesien dit skole wat probleme met finansies ondervind, kan help in die daarstel van 'n langer termyn finansiële plan.

Alhoewel Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië slegs 'n deel, sowat 5%, van die totale privaatonderwys in die land uitmaak, kan kennis wat opgedoen word deur hierdie studie ook deur ander privaatskole wat moedertaalonderrig voorsien gebruik word. Alle privaatskole wat in die toekoms tot stand kom, spesifiek in Namibië maar ook in ander wêreldlande, kan ook hierdie kennisbasis gebruik ten einde slaggate in die finansiering van die skole te vermy en die skole van meet af aan op 'n gesonde finansiële basis te plaas. Hierdie studie kan 'n belangrike bydrae aan onderwysbestuurders lewer deur die insae wat dit in die bestuur van die finansies van privaatskole bied.

Uit gesprekke met skoolhoofde en ander bestuurslui van staatskole in Namibië (persoonlike en telefoniese onderhoude gevoer met die skoolhoof van Stampriet

Primary School, mnr B Coetzee, die skoolhoof van Swakopmund Secondary School, Mnr EM Manga, en die adjunkhoof van Mariental Secondary School, mnr D Verrall, op Woensdag, 13 Februarie 2002), ondervind staatskole toenemend dat instandhouding van fasiliteite agterweë bly omdat daar nie voldoende fondse is nie. Ook raak die verhouding van aantal leerlinge per onderwyser al groter soos blyk uit die amptelike Onderwys statistiek vir 2001 : laerskole 31,5:1 en hoërskole 24,3:1. (Emis 2001:67) Hierdie verhoging noop talle staatskole, soos die navorser self by Swakopmund Secondary School tydens sy dienstdydperk by die skool ondervind het, om addisionele personeel uit eie fondse aan te stel.

Vir onderwysbestuurders in die staatskole raak finansies inderdaad 'n al belangriker komponent van hul bestuurstaak. *“Educators, long presumed to be inefficient managers of their institutions, now realize that school survival depends on knowledge and use of sound business principles.”* (Ritter 1979: 1) Die uitkoms van hierdie studie kan gevolglik ook deur onderwysbestuurders verbonde aan staatskole gebruik word.

1.6 PROBLEEMSTELLING

Hierdie navorsing is onderneem om aspekte ten opsigte van die finansiering en die bestuur van die finansies van die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië vanuit 'n onderwysbestuur perspektief te ondersoek. Die sentrale probleem van hierdie studie is:

Watter algemene strategie moet deur skoolbestuurders gebruik word in die finansiële bestuur van Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië?

Die studie word onderverdeel in die volgende vrae:

- Waaruit word inkomstes verkry en hoe word dit aangewend? Bestaan daar alternatiewe finansieringsbronne wat nie benut word nie?
- Hoe word die finansies van verskillende Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië bestuur?

- Wat behoort in 'n algemene finansieringstrategie vir Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië ingesluit te word?

1.7 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van hierdie studie is om 'n algemene strategie vir skoolbestuurders vir die bestuur van die finansies van Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië daar te stel. Ten einde sodanige strategie te ontwikkel het die studie dit as doelwitte om:

- inkomstebronne, insluitend alternatiewe bronne wat nie benut word nie, te identifiseer en die aanwending daarvan te beskryf.
- te beskryf hoe die finansies van verskillende Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië bestuur word.
- 'n algemene finansieringstrategie vir Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië te omskryf.

1.8 NAVORSINGSMETODES EN –ONTWERP

Die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië sit elkeen op 'n eilandsituasie en skakeling tussen die skoolhoofde vind op 'n ongereelde *ad hoc* basis plaas. Die skoolhoofde betrokke by hierdie skole kom almal uit 'n agtergrond van staatsonderwys. Daar het by hulle nie werklik grondige kennis ten opsigte van die bestuur van die finansies van privaatskole bestaan nie en hulle leer ook maar uit eie ondervinding.

1.8.1 Navorsingsbenadering

Hierdie navorsing is tweevoudig benader in die sin dat daar eers 'n databasis saamgestel is waarna 'n moontlike strategie ondersoek is.

Geen oorsaak-gevolg verwantskap is ondersoek nie en geen toestand is gemanipuleer nie. In die saamstel van die databasis is gebruik gemaak van 'n nie-eksperimentele kwantitatiewe studie waarin die navorser "*makes observations or*

obtains measures from subjects to describe something ..." (Schumacher & McMillan 1993: 32).

Die studie is verder beskrywend van aard aangesien die huidige status van finansiering in Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië omskryf moet word. Hierdie tipe navorsing "*asks what is; it reports things the way they are.*" (Schumacher & McMillan 1993: 266)

Die uiteindelijke doel hiervan is om 'n kennisbasis te ontwikkel waaruit 'n algemene kontekstvrye strategie in die tweede deel van die navorsing daargestel kan word.

1.8.2 Navorsingsmetodologie

Hierdie afdeling bied 'n verduideliking van die navorsingsmetodes in hierdie navorsing.

1.8.2.1 Literatuur oorsig

'n Literatuur oorsig vorm 'n belangrike onderdeel van enige navorsing. Volgens Schumacher en McMillan (1993: 112-113), "*a literature overview adds to an understanding of the selected problem and helps to place the study in a historical perspective. It provides an understanding of the existing knowledge of the problem and enables a reader to gain further insights from the purpose and the results of a study.*"

Die literatuur oorsig bied dus 'n noodsaaklike skakel tussen die bestaande kennis en die probleem wat ondersoek word. Dit is onontbeerlik in die verfyning van die navorsingsprobleem; dit lei tot nuwe insigte en dit help met die interpretering van resultate.

1.8.2.2 Vraelys

Inligting is van verskeie respondente bekom en is deur middel van 'n opname ingesamel. "*The aim of a survey is to obtain information which can be analysed and*

patterns extracted and comparisons made." (Bell 1993: 10) Hierdie studie behels die beskrywing van 'n situasie, die bepaling van verbande en die daarstel van 'n algemeen geldende oplossing. Hiervoor is die opname as navorsingmetodiek uiters geskik.

'n Vraelys is as instrument gebruik om van die skoolhoofde van al die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië basiese inligting ten opsigte van die finansiering van die skole te bekom.

1.8.2.3 Persoonlike kontak

Telefoniese kontak is met alle skoolhoofde wat nagelaat het om die vraelys terug te stuur, gemaak en sodoende is noodsaaklike inligting ten opsigte van leerlinggetalle en skoolfonds ook van hierdie skole ingewin.

1.8.2.4 Persoonlike Onderhoud (ongestruktureerd)

Persoonlike onderhoude is ook met die skoolhoofde van twee privaatskole gevoer. Hierdie onderhoude is gevoer nadat die inligting verkry deur middel van die vraelys, verwerk is. Volgens Schumacher en McMillan (1993: 250) is die onderhoud "*flexible and adaptable and responses can be probed, followed up, clarified and elaborated to achieve specific accurate responses.*"

1.9 ENKELE PROBLEME WAT MET DIE NAVORSING ONDERVIND IS

Daar is baie min literatuur oor hierdie onderwerp beskikbaar en geen navorsing is nog binne die Namibiese konteks hieroor gedoen nie. Die primêre doel is om 'n beter begrip vir die probleem wat Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië ten opsigte van finansiering ondervind, te ontwikkel, en te poog om 'n finansieringstrategie daar te stel wat deur skoolhoofde as onderwysbestuurders gebruik kan word.

1.10 HOOFSTUK VERDELING

Hierdie dissertasie van beperkte omvang bestaan uit vyf hoofstukke.

Hoofstuk een is die inleiding en dit stel ook die doel en struktuur van die navorsing. Dit sluit 'n kort inleiding tot die studie, die probleemstelling, subprobleme, doel en doelstellings in, asook 'n beskrywing van die navorsingsmetodiek en die waarde van die studie.

Hoofstuk twee sluit 'n oorsig van die literatuur en die teoretiese agtergrond van die studie in.

In hoofstuk drie word die navorsingmetodiek bespreek. Dit sluit die navorsingsontwerp en verduidelikings van die metodes en instrumente wat gebruik is, in.

Hoofstuk vier vervat die resultate en 'n bespreking van die resultate. Die ingesamelde inligting en 'n ontleding en bespreking van die inligting is hierin opgeneem.

Die samevatting van die studie word in hoofstuk vyf uiteengesit. Dit sluit 'n samevatting van die resultate van die studie, gevolgtrekkings, 'n uiteensetting van 'n voorgestelde algemene strategie en aanbevelings, ook ten opsigte van verdere navorsing, in.

Laastens volg byvoegsels en verwysings.

1.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsprobleem verduidelik, die navorsings benadering en die doel van die navorsing is uiteengesit terwyl die konteks waarbinne die navorsing gedoen is ook verduidelik is. Verder is daar agtergrond inligting verskaf ten opsigte van die plek van die Christelike Afrikaanse Privaatskole binne die breër

Namibiese onderwys konteks, die bekostigbaarheid van hierdie skole asook enkele finansieringsprobleme wat die skole ondervind.

In die volgende hoofstuk word privaatskole vanuit die literatuur belig.